

Daar is tans baie onsekerheid en vrae rondom die coronavirus. Waar kry mens akkurate informasie? Waar kan ek myself laat toets as ek siek voel? Ons gemeenskappe en die internet is vol informasie, maar verkeerde inligting is 'n groot risiko vir ons almal! Die Coronavirus CivActs Campaign (CCC) is daarop gemik om vrae te beantwoord deur maklike, akkurate informasie beskikbaar te stel voordat gerugte skade veroorsaak.

Maatskaplike verligting

Die COVID-19 krisis en die inperking om verspreiding te voorkom vergroot wêreldwyd die impak van bestaande probleme, o.a. armoede en ongelykheid. As deel van die R500 biljard ekonomiese en sosiale stimuluspakket, sluit President Cyril Ramaphosa se aanpassings om minderbevooregdes oor die volgende 6 maande te help aanvullende welsynstoelaes, 'n nuwe noodtoelaag en verbeterings in verspreiding van kos in. In hierdie uitgawe bespreek ons voedseltekort en armoede binne die konteks van die COVID-19 Maatskaplike Verligting en Noodtoelaag. Black Sash en ander organisasies vra vir die uitbreiding van die bestaande ondersteuning om kwesbare families in te sluit. Agt die impak van COVID-19 is dit onmoontlik vir baie mense om te werk, en hul doen dus tans vir kospakkies en toelaes aansoek. Daar is lang lyne by die optelpunte vir kospakkies, en talle mense wag oornag vir bystand. Daar word geskat dat 50 000 werkers in Johannesburg tans van kospakkies afhanklik is.



Pensioners queueing in KZN. Photo: The Witness



President Cyril Ramaphosa. Photo: GCIS

Vrae en Antwoorde

Daar word aangevoer dat die COVID-19 Maatskaplike Verligting en Noodtoelaag van R350 tot R1000 verhoog moet word vir werklose individue. Wat is die argument?

Hoe kan noodtoelaes beter bestuur word?

Daar is aantuiings van korruptie rondom die verspreiding van kospakkies by SASSA. Wat kan gedoen word om dit te voorkom?

Black Sash voer aan dat R350 nie genoeg is vir kos, energiebronne (bv. elektrisiteit, gas, parafien ens.), vervoer en addisionele onkostes om maatreëls rondom higiëne te volg. Die maandelikse prys van stапelvoedsel het met R253 gestyg vanaf R3,221 op 2 Maart tot R3, 474 op 23 April. Terwyl talle individue se inkomste afneem, is die toelaag laer as die kosarmoedelyn van R581 per persoon per maand, en ook minder as die waarde van die kospakkies wat tans deur SASSA versprei word teen R1200 per maand.

Black Sash en ander burgerlike samelewingsgroepe het klagtes van individue gehoor wie nie die inbelsentrum kon bereik nie. SASSA en ander staatsdepartemente wat vir maatskaplike kwessies verantwoordelik is moet dringend hul kantore heropen om nuwe aansoeke vir toelaes te verwerk en die ander stappe wat President Ramaphosa bekendgemaak het te implementeer.

Daar is tans talle aantuiings van korruptie in die stelsel. Verspreiding van kontant kan moontlik korruptie verlaag. Die verspreiding van kospakkies moet saam met sistemiese maatskaplike bystandsprogramme uitgebrei word. Kontantbetalings kry tans wereldwyd voorkeur as 'n manier om vir kwesbare individue en families verligting te bring teen die ekonomiese impak van COVID-19 en inperking. Kontantoordragstelsels word ook inin uitgebreide maatskaplike beskermingsprogramme gebruik.

Designated Hospitals

Gauteng

Charlotte Maxeke Hospital, Parktown
Steve Biko Hospital, Pretoria
Tembisa Hospital, Tembisa

KwaZulu-Natal

Greys Hospital, Pietermaritzburg

Limpopo

Polokwane Hospital, Polokwane

Mpumalanga

Rob Ferreira Hospital, Nelspruit

Northern Cape

Kimberley Hospital, Kimberley

North West

Klerksdorp Hospital, Klerksdorp

Eastern Cape

Livingstone Hospital, Port Elizabeth

Free State

Pelonomi Hospital, Bloemfontein

Western

Cape

Tygerberg Hospital, Cape Town

Useful Numbers

- GBV Command Centre: 0800 428 428 / *120*7867#
- Persons with disabilities, SMS 'help' to 31531
- Women Abuse Helpline: 0800 150 150
- Child line: 0800 055 555SAPS
- Crime Stop: 0860 10111 / SMS Crime Line: 32211
- National AIDS Helpline: 0800 012 322
- Suicide Helpline: 0800 567 567
- National Department of Health:
[jhhttps://www.health.gov.za](http://www.health.gov.za)
- National Institute of Communicable Diseases:
<https://www.nicd.ac.za>
- Coronavirus Hotline: 0800 029 999
- No data no problem: <https://coronavirus.datafree.co.za>